



**NOTULE VAN 'N VERGADERING VAN PORTEFEULJEKOMITEES VAN DIE SWARTLAND
MUNISIPALE RAAD, GEHOU IN DIE MALMESBURY BANKETSAAL OP WOENSDAG,
09 OKTOBER 2013 OM 10:00**

- ADMINISTRASIE EN FINANSIES -

TEENWOORDIG:

RAADSLEDE:

Voorsitter, rdl M van Zyl [Administrasie]
Voorsitter, rdl C H H Hunsinger [Finansies]
Onder-voorsitter: rdh N J A Rust

Abrahams, M Z	Rangasamy, M
Cox-Bruintjies, Y S	Sedeman, A C
Geel, B W	Stemele, O M
Goliath, M S I	Humphreys, F S

BEAMPTES:

Munisipale Bestuurder, mnr J J Scholtz
Direkteur: Beskermingsdienste, mnr P A C Humphreys
Direkteur: Finansiële Dienste, mnr K C Cooper
Direkteur: Korporatiewe Dienste, me M S Terblanche
Direkteur: Ontwikkelingsdienste, mnr J Steenkamp
Direkteur: Siviele Ingenieursdienste, mnr A J Botha
Komiteebeampte, me S A Kulsen

1. OPENING/VERLOF TOT AFWESIGHEID

Rdl A C Sedeman open die vergadering met gebed op versoek van die voorsitter, rdl M van Zyl.

Verlof tot afwesigheid word verleen aan rdle J H Cleophas en C M Cloete.

2. NOTULES

**2.1 NOTULE VAN 'N PORTEFEULJEKOMITEEVERGADERING (ADMINISTRASIE EN
FINANSIES) GEHOU 04 SEPTEMBER 2013**

BESLUIT

(op voorstel van rdl B W Geel, gesekondeer deur rdl M Rangasamy)

Dat die notule van 'n Portefeuljekomiteevergadering (Administrasie en Finansies) gehou op 04 September 2013 as korrek bekragtig word.

3. AFVAARDIGINGS/VOORLEGGINGS/MEDEDELINGS

3.1 SKRYWES VAN DANK EN WAARDERING AAN MUNISIPALITEIT SWARTLAND

Kennis geneem

4. SAKE VOORTSPRUITEND UIT DIE NOTULES

Geen

5. GEDELEGEERDE SAKE

5.1 MAANDVERSLAE: AUGUSTUS 2013

5.1.1 MUNISIPALE BESTUURDER (2/4/2)(7/1/2/2-7)

5.1.2 KORPORATIEWE DIENSTE (7/1/2/2-1)

5.1.3 FINANSIËLE DIENSTE (7/1/2/2-2)(5/7/1/1)

BESLUIT

(op voorstel van rdh N J A Rust, gesekondeer deur rdl M Z Abrahams)

Dat kennis geneem word van die maandverslag van onderskeidelik die Munisipale Bestuurder, die Direkoraat Korporatiewe Dienste en die Direkoraat Finansiële Dienste vir Augustus 2013.

6. SAKE VIR AANBEVELINGS AAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTER

Geen

(GET) M VAN ZYL
VOORSITTER: ADMINISTRASIE

(GET) C H H HUNSINGER
VOORSITTER: FINANSIES

- SIVIELE EN ELEKTRIESE DIENSTE -

TEENWOORDIG:

RAADSLEDE:

Voorsitter, rdl R F van der Westhuizen
Ondervoorsitter, rdl O M Stemele

Abrahams, M Z	Stanley, B J
Fortuin C	Van der Merwe, J I
Goliath, M S I	Van Zyl, M
Rust, N J A	Wilskut, W
Papers, C H	Zatu, N S

BEAMPTES:

Munisipale Bestuurder, mnr J J Scholtz
Direkteur: Beskermingsdienste, mnr P A C Humphreys
Direkteur: Korporatiewe Dienste, me M S Terblanche
Direkteur: Finansiële Dienste, mnr K C Cooper
Direkteur: Siviele Ingenieursdienste, mnr A J Botha
Komiteebeampte, me S A Kulsen

1. OPENING/VERLOF TOT AFWESIGHEID

Die vergadering neem om 10:22 'n aanvang.

Verlof tot afwesigheid verleen aan rdl J H Cleophas.

2. NOTULES

2.1 NOTULE VAN 'N PORTEFEULJEKOMITEEVERGADERING (SIVIELE- EN ELEKTRIESE DIENSTE) GEHOU 04 SEPTEMBER 2013

BESLUIT

(op voorstel van rdl M Z Abrahams, gesekondeer deur rdl B Stanley)

Dat die notule van 'n Portefeuljekomiteevergadering (Siviele- en Elektriese Dienste) gehou op 04 September 2013 as korrek bekragtig word, onderhewig aan die volgende wysiging:

ITEM 1: OPENING/VERLOF TOT AFWESIGHEID

Verlof tot afwesigheid word verleen aan rdl C H Papers

3. VOORLEGGINGS/AFVAARDIGINGS/MEDEDELINGS

Geen

4. SAKE VOORTSPRUITEND UIT DIE NOTULES

Geen

5. GEDELEGEERDE SAKE

5.1 MAANDVERSLAE: AUGUSTUS 2013

5.1.1 SIVIELE INGENIEURSDIENSTE (7/1/2/2-4)

5.1.2 ELEKTRIESE INGENIEURSDIENSTE (7/1/2/2-6)

BESLUIT

(op voorstel van rdl M van Zyl, gesekondeer deur rdl O M Semele)

Dat kennis geneem word van die maandverslag van onderskeidelik die Direkoraat Siviele Ingenieursdienste en die Direkoraat Elektriese Ingenieursdienste vir Augustus 2013.

6. SAKE VIR AANBEVELINGS AAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTER

Geen

**(GET) R F VAN DER WESTHUIZEN
VOORSITTER**

- ONTWIKKELING- EN BESKERMINGSDIENSTE -

TEENWOORDIG:

RAADSLEDE:

Voorsitter, rdl M van Zyl [Beskermingsdienste]
 Voorsitter, rdl W Wilskut [Ontwikkeldingsdienste]
 Ondervoorsitter, rdl A C Sedeman

Geel, B W	Sneewe, A M
Goliath, M S I	Stanley, B J
Hunsinger, C H H	Van der Merwe, J I
Rangasamy, M	Van der Westhuizen, R F
Papers, C H	

BEAMPTES:

Munisipale Bestuurder, mnr J J Scholtz
 Direkteur: Beskermingsdienste, mnr P A C Humphreys
 Direkteur: Korporatiewe Dienste, me M S Terblanche
 Direkteur: Finansiële Dienste, mnr K C Cooper
 Direkteur: Ontwikkeldingsdienste, mnr J T Steenkamp
 Direkteur: Siviele Ingenieursdienste, mnr A J Botha
 Komiteebeampte, me S A Kulsen

1. OPENING/VERLOF TOT AFWESIGHEID

Die vergadering neem om 10:31 'n aanvang.

Verlof tot afwesigheid verleen aan rdl D B Philander.

2. NOTULES

2.1 NOTULE VAN 'N PORTEFEULJEKOMITEEVERGADERING (ONTWIKKELING- EN BESKERMINGSDIENSTE) GEHOU 04 SEPTEMBER 2013

BESLUIT

(op voorstel van rdl B W Geel, gesekondeer deur rdl A C Sedeman)

Dat die notule van 'n Portefeuljekomiteevergadering (Ontwikkeling- en Beskermingsdienste) gehou op 04 September 2013 as korrek bekragtig word.

3. VOORLEGGINGS/AFVAARDIGINGS/MEDEDELINGS

Geen

4. SAKE VOORTSPRUITEND UIT DIE NOTULES

Geen

5. GEDELEGEERDE SAKE

5.1 MAANDVERSLAE, AUGUSTUS 2013

5.1.1 BESKERMINGSDIENSTE (7/1/2/2-3)

5.1.2 VERKEERS- EN WETSTOEPASSINGSAFDELING (7/1/2/2-3)

5.1.3 BRANDBESTRYDING (7/1/2/2-3)

5.1.4 ONTWIKKELINGSDIENSTE (7/1/2/2-1)

BESLUIT

(op voorstel van rdh M S I Goliath, gesekondeer deur rdl A C Sedeman)

Dat kennis geneem word van die maandverslag van onderskeidelik die Direkoraat Beskermingsdienste en die Direkoraat Ontwikkelingsdienste vir Augustus 2013.

6. SAKE VIR AANBEVELINGS AAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTER**6.1 VOORGESTELDE HERSONERING VAN ERF 1829, DARLING (15/3/3/Erf_1829) (WYK 5)**

Aansoek word gedoen vir die hersonering van erf 1829 (groot ±317m²), geleë te 7de Laan, Darling vanaf residensiële sone I na institusionele sone I ten einde 'n vroeë kinderontwikkelingsfasiliteit te bedryf. Die geregistreerde eienaar is Mnr S Figeland.

AANBEVELING

(op voorstel van rdl B W Geel, gesekondeer deur rdl R F van der Westhuizen)

Dat die aansoek vir die hersonering van erf 1829 (groot ±317m²), geleë te 7de Laan, Darling ingevolge artikel 16(1) van Ordonnansie 15 van 1985 vanaf residensiële sone I na institusionele sone I ten einde 'n vroeë kinderontwikkelingsfasiliteit te bedryf, goedgekeur word, onderhewig aan die volgende voorwaardes:

A1 STADSBEPLANNING EN BOUBEHEER

- (a) dat die toepaslike bouplanne aan die Direkteur Ontwikkelingsdienste vir oorweging voorgelê word;
- (b) dat die fasiliteit ten all tye aan die voorwaardes soos opgestel deur die Weskus Distriksmunisipaliteit in die geskikheidsertifikaat uitgereik, voldoen;
- (c) dat daar aansoek gedoen word vir 'n geskikheidsertifikaat wat aandui dat die kombuis voldoen aan Regulasie 918 van die Wet op Gesondheid (Wet 61 van 2003) omrede voedsel voorberei word;
- (d) dat die vroeë kinderontwikkelingsfasiliteit aan die vereistes van Departement van Maatskaplike Dienste sal voldoen en by die departement registreer word;
- (e) dat die nodige aansoek vir die vertoning van 'n advertensieteken by die Direkteur: Ontwikkelingsdienste gedoen word;

A2 WATER

- (a) dat daar van die bestaande wateraansluiting gebruik gemaak word en dat geen addisionele aansluitings voorsien sal word nie.

A3 RIOOL

- (a) dat daar van die bestaande rioolaansluiting gebruik gemaak word en dat geen addisionele aansluitings voorsien sal word nie.

A4 VULLISVERWYDERING

- (a) dat n basiese vullisverwyderingstarief gehef word wat aangepas sal word volgens hoeveelhede verwyder;
- (b) dat vullis op die naaste munisipale sypaadjie in swartsakke op die oggend van verwydering geplaas word;
- (c) dat vullis veilig op die perseel gestoor word sodat dit nie toeganklik is vir ongewenste elemente, mens en dier nie.

A5 ELEKTRISITEIT

- (a) dat die finansiële departement in kennis gestel word om die elektriese tarief te verander vanaf residensiël na besigheid.

6.2 VOORGESTELDE OPHEFFING VAN BEPERKINGS VAN ERF 831, YZERFONTEIN (15/3/5-15) (WYK 5)

Die Raad het op 17 Junie 2011 'n aansoek vir 'n afwyking op 'n gedeelte van erf 831 (groot ±80m²) geleë te Parkstraat, Yzerfontein ten einde 'n viswinkel te bedryf, goedgekeur onderhewig aan sekere voorwaardes. Die volgende voorwaarde is onder andere opgelê:

"...A1 g) dat die eienaar/ontwikkelaar binne die goedkeuringstydperk van hierdie goedkeuring, die beperkende titel voorwaardes ophef, asook permanente grondgebruiksregte vestig vir die viswinkel..."

'n Aansoek is ontvang vir die hersonering van 'n gedeelte van erf 831 (groot ±80m²), geleë te Parkstraat, Yzerfontein ingevolge artikel 17 van Ordonnansie 15 van 1985, vanaf residensiële sone I na sakesone II ten einde 'n winkel te bedryf wat visprodukte verkoop. Die geregistreerde eienaar is A J Basson.

Volgens die titelakte van erf 831 is voorwaardes B3 en B4(a) beperkend tot die voorgestelde hersonering. Die betrokke voorwaardes is as volg:

"...B3 Geen gebou op hierdie erf mag gebruik word of van gebruik verander word vir 'n ander doel as wat volgens hierdie voorwaardes toegelaat word nie.

B4(a) Hierdie erf mag alleenlik gebruik word vir die oprigting daarop van een woning of ander geboue vir die doeleindes wat die Administrateur van tyd tot tyd na oorleg met die Dorpekommissie en die Plaaslike Owerheid goedkeur, met dien verstande dat indien die erf in die gebied van 'n dorpaanlegskema ingesluit is, die Plaaslike Owerheid enige ander geboue wat deur die skema toegelaat word, kan toelaat onderworpe aan die voorwaardes en beperkings wat in die skema bepaal word..."

Gevolgtlik word aansoek gedoen vir die opheffing van beperkende titel voorwaardes B3 en B4(a) soos vervat in titelakte nr T51086/98 van erf 831, Yzerfontein.

AANBEVELING

(op voorstel van rdl B W Geel, gesekondeer deur rdl R F van der Westhuizen)

Dat die aansoek vir die opheffing van beperkende voorwaardes B3 en B4(a), soos vervat in titelakte T51086/98 van erf 831, Yzerfontein aan die Departement van Omgewingsake en Ontwikkelingsbeplanning vir goedkeuring aanbeveel word.

6.3 AANSOEK OM AFWYKING OP ERF 1179, YZERFONTEIN (15/3/4-14/Erf_1179) (WYK 5)

Aansoek word gedoen vir 'n afwyking op 'n gedeelte van erf 1179 (groot ±190m²), geleë te Lutie Katzweg, Yzerfontein ten einde 'n onthaalfasiliteit vir troues te bedryf. Die geregistreerde eienaar is G A & A Steenkamp.

AANBEVELING

(op voorstel van rdl B W Geel, gesekondeer deur rdl M van Zyl)

Dat die aansoek om afwyking op 'n gedeelte van erf 1179 (groot ±190m²), geleë te Lutie Katzweg, Yzerfontein ten einde 'n onthaalfasiliteit vir troues te bedryf, ingevolge artikel 15(1)(b) van Ordonnansie 15 van 1985, vir die volgende redes afgekeur word:

- (a) Erf 1179 beskik oor fisiese eienskappe wat beperkend is tot hierdie aansoek;
- (b) Die karakter van die enkelwoon residensiële area gaan negatief beïnvloed word;
- (c) Die voorgestelde afwyking is nie versoenbaar met die ruimtelike beplanning van Yzerfontein nie;

- (d) Erf 1179 beskik oor titelaktebeperkings wat die gebruik van die perseel tot enkelwoning doeleindes beperk;
- (e) Die omvang van die aantal besware wat teen die aansoek ontvang is.

6.4 AANSOEK OM AFWYKING OP ERF 2934, DARLING (15/3/4-3/Erf_2934) (WYK 6)

Aansoek word gedoen vir 'n afwyking op 'n gedeelte van erf 2934 (groot $\pm 43\text{m}^2$), geleë te Botterboomlaan, Darling ten einde 'n huiswinkel vanuit 'n gedeelte van die bestaande woonhuis te bedryf. Die geregistreerde eienaar is K & C A Abdu.

AANBEVELING

(op voorstel van rdl B W Geel, gesekondeer deur rdl A C Sedeman)

Dat die aansoek om tydelike afwyking op erf 2934, geleë te Botterboomlaan, Darling ten einde 'n huiswinkel ($\pm 43\text{m}^2$) vanuit 'n gedeelte van die bestaande woonhuis te bedryf, afgekeur word weens die volgende redes:

- (a) Die voorgestelde huiswinkel ($\pm 43\text{m}^2$) as kleinhandelsaak sal die gebruik van die woonerf oorheers en word aanbeveel om 'n aansoek vir hersonering van die betrokke gedeelte van residensiële sone I na sakesone II vir oorweging in te dien, gegewe ook die ligging langs die betrokke aktiwiteitstraat en die bepaling van die Ruimtelike Ontwikkelingsraamwerk.

6.5 VOORGESTELDE HERSONERING, VERGUNNINGSGEBRUIK EN AFWYKING OP ERF 3146, DARLING (15/3/4-3/Erf_2934) (WYK 6)

Aansoek word gedoen vir die hersonering van erf 3146 (groot 228m^2), geleë op die h/v Bloekomboomlaan en Amandelboomsingel, Darling vanaf residensiële sone I na sakesone II ten einde 'n winkel op te rig. Die geregistreerde eienaar is Mnr A A Ali.

Aansoek word ook gedoen vir 'n vergunningsgebruik vir woonstelle ten einde twee woonstelle op eerstevloervlak op te rig.

Aansoek word ook gedoen vir 'n afwyking ten einde af te wyk van die 8m straatboulyne (Bloekomboomlaan en Amandelboomsingel) na $\pm 5\text{m}$ onderskeidelik en die 4m syboulyne na 1m onderskeidelik.

'n Huiswinkel word reeds ongemagtig vanaf die bestaande woonhuis op erf 3146 bedryf.

AANBEVELING

(op voorstel van rdh M S I Goliath, gesekondeer deur rdl A M Sneewe)

- A Dat die aansoek vir die hersonering van erf 3146 (groot 228m^2), geleë op die h/v Bloekomboomlaan en Amandelboomsingel, Darling, ingevolge artikel 16(1) van Ordonnansie 15 van 1985 vanaf residensiële sone I na sakesone II ten einde 'n winkel te bedryf, goedgekeur word onderhewig aan die volgende voorwaardes:

A1 STADSBEPLANNING EN BOUBEHEER

- a) dat bouplanne aan die Direkteur: Ontwikkelingsdienste vir oorweging voorgelê word;
- b) dat ten minste 4 op-perseel parkeerplekke vir die winkel voorsien word. Hierdie parkeerplekke moet voorsien word met 'n permanente stofvrye oppervlakte hetsy teer, beton, plaveisel of 'n materiaal vooraf goedgekeur deur Swartland Munisipaliteit en dat die parkeerplekke duidelik gemerk word;
- c) dat motorvoertuig toegang ten opsigte van die winkel tot erf 3146 vanaf Bloekomboomlaan beperk word;
- d) dat daar by Swartland Munisipaliteit aansoek gedoen word vir 'n handelslisensie, asook by die Weskus Distrikmunisipaliteit vir 'n geskikheidsertifikaat;

- e) dat die nodige aansoek vir die oprigting van advertensietekens aan die Direkteur: Ontwikkelingsdienste vir oorweging voorgelê word;
- f) dat die eienaar/ontwikkelaar Swartland Munisipaliteit skriftelik in kennis stel wanneer daar aan alle voorwaardes voldoen word;
- g) dat die beswaarmakers op hul reg tot appèl per geregistreerde pos gewys word;

A2 WATER

- a) dat daar van die bestaande enkelwateraansluiting gebruik gemaak word en dat geen addisionele aansluitings voorsien sal word nie;

A3 RIOOL

- a) dat daar van die bestaande rioolaansluiting gebruik gemaak word en dat geen addisionele rioolaansluiting voorsien sal word nie;

A4 VULLISVERWYDERING

- a) dat 'n geboude vullisarea geskep word wat van skoon lopende water voorsien word en vuilwaterafvoer na die riool;
- b) dat die vullisarea ontoeganklik is vir ongewenste elemente, mens en dier, maar toeganklik vir n 30ton vullisvragmotor en vullisverwyderings personeel;

A5 ELEKTRISITEIT

- a) dat die koste vir die elektriese aansluiting vir die eienaar/ontwikkelaar sal wees;
- b) dat die elektrisiteitstarief aangepas word na besigheidstarief;

A6 ALGEMEEN

- a) dat indien dit nodig sou wees om bestaande dienste op te gradeer ten einde die ontwikkeling van diensaansluitings te kan voorsien dit vir die koste van die ontwikkelaar sal wees

B Dat die aansoek vir 'n vergunningsgebruik vir woonstelle ingevolge paragraaf 4.6 van die Artikel 8 soneringskema regulasies van Ordonnansie 15 van 1985 vir woonstelle ten einde twee woonstelle op eerste- en tweede- verdieping op te rig, goedgekeur word onderhewig aan die volgende voorwaardes:

B1 STADSBEPLANNING

- a) dat ten minste 2 op-perseel parkeerplekke vir die woonstelle voorsien word. Hierdie parkeerplekke moet voorsien word met 'n permanente stofvrye oppervlakte hetsy teer, beton, plaveisel of 'n materiaal vooraf goedgekeur deur Swartland Munisipaliteit en dat die parkeerplekke duidelik gemerk word;

B2 KAPITALE BYDRAE

- a) dat die eienaar/ontwikkelaar kennis neem van die kapitaalbydrae vir die grootmaat voorsiening van water wat bepaal is deur die Weskus Distrikmunisipaliteit teen R 10 795-80 (BTW ingesluit) per kiloliter jaarlikse gemiddelde daaglikse aanvraag (R10 795-80 /kl AADD) gemaak word. Hierdie kapitaalbydrae is betaalbaar aan Swartland Munisipaliteit op bouplanstadium. Hierdie bedrag is geldig vir die finansiële jaar van 2013/2014 en kan daarna hersien word en is betaalbaar teen posnommer 50-80-75-72-7990;
- b) dat die vaste kapitaalbydrae t.o.v. water ten bedrae van R 7 277-00 aan hierdie munisipaliteit op bouplanstadium gemaak word. Hierdie bedrag is betaalbaar teen posnommer 77-92-86-00-6200 en is geldig vir die finansiële jaar van 2013/2014 en kan hierna hersien word;

- c) dat die vaste kapitaalbydrae t.o.v riool ten bedrae van R 3 600-00 aan hierdie munisipaliteit op bouplanstadium gemaak word. Hierdie bedrag is betaalbaar teen posnommer 59-76-86-00-6200 en is geldig vir die finansiële jaar van 2013/2014 en kan hierna hersien word;
 - d) dat die vaste kapitaalbydrae t.o.v strate en stormwater ten bedrae van R 5 363 00-00 aan hierdie munisipaliteit op bouplanstadium gemaak word. Hierdie bedrag is betaalbaar teen posnommer 71-82-86-00-6200 en is geldig vir die finansiële jaar van 2013/2014 en kan hierna hersien word;
 - e) dat die vaste kapitaalbydrae t.o.v elektrisiteit ten bedrae van R 4 321-00 aan hierdie munisipaliteit op bouplanstadium gemaak word. Hierdie bedrag is betaalbaar teen posnommer 83-84-86-00-6200 en is geldig vir die finansiële jaar van 2013/2014 en kan hierna hersien word;
 - f) bogenoemde bedrae is onderhewig aan 'n 50% rebat.
- C Dat die aansoek vir 'n afwyking ten einde af te wyk van die 8m straatboulyne (Bloekomboomlaan en Amandelboomsingel) na $\pm 5m$ onderskeidelik en die 4m syboulyne na $\pm 1m$ onderskeidelik, ingevolge artikel 15(1)(b) van Ordonnansie 15 van 1985, goedgekeur word.

6.6 AANSOEK OM VERGUNNINGSGEBRUIK EN AFWYKING OP DIE PLAAS DOORNEKRAAL NO. 830, AFDELING MALMESBURY (15/3/4-15/Farm_830; 15/3/10-15/Farm_830) (WYK 7)

Aansoek word gedoen vir 'n vergunningsgebruik op die restant plaas Doornekraal no 830, Afdeling Malmesbury vir 'n toeristefasiliteit en plaasstalletjie met 'n totale grootte van $\pm 975m^2$ namens die eienaar *Rhessau Trust*.

Die fasiliteit sal die volgende insluit: 'n "bush pub", ablusiegeriewe, 'n aktiwiteitsentrum met 'n verhoog en binnehof, 'n restaurant, stoep en plaasstalletjie.

Aansoek word ook gedoen ten einde af te wyk van die 30m boulyn (noordelike grens) na $\pm 10m$.

AANBEVELING

(op voorstel van rdl A C Sedeman, gesekondeer deur rdl R F van der Westhuizen)

Dat die aansoek om vergunningsgebruik op die restant plaas Doornekraal No. 830, Afdeling Malmesbury ingevolge paragraaf 4.6 van die Artikel 8 soneringskema regulasies van Ordonnansie 15 van 1985 ten einde 'n toeristefasiliteit en plaaswinkel met 'n totale grootte van $\pm 975m^2$ goedgekeur word, onderhewig aan die volgende voorwaardes:

A1 BOUBEHEER EN BEPLANNING

- (a) dat die totale oppervlakte van die toeristefasiliteit en plaaswinkel beperk word tot $\pm 975m^2$;
- (b) dat die plaaswinkel beperk word tot 'n grootte van $100m^2$;
- (c) dat die eienaar/ontwikkelaar die nodige bouplanne by die Direkteur: Ontwikkelingsdienste vir oorweging indien;
- (d) dat die reg-van-weg serwituut op plaas 814/5 geregistreer word, ten einde toegang tot die betrokke fasiliteit te verseker;
- (e) dat voldoende op-perseel parking voorsien word;
- (f) dat die eienaar/ontwikkelaar aansoek doen vir 'n handelslisensie by Swartland Munisipaliteit en 'n geskiktheidsertifikaat by die Weskus Distrikmunisipaliteit.

A2 WATER

- (a) dat Swartland Munisipaliteit geen water aan die voorgestelde aktiwiteite kan voorsien nie;

- (b) dat die gebruik van water uit die boorgat, soos voorgestel, by die Departement van Waterwese geregistreer word;
- (c) die water gesuiwer en behandel word sodat dit geskik is vir menslike gebruik en vir gebruik in die voorbereiding van voedsel;

A3 RIOOL

- (a) dat riooldienste slegs vir huishoudelike riool deur middel van 'n uitsuigtenkragmotor voorsien kan word;

A4 VULLISVERWYDERING

- (a) daar moet skriftelik by Swartland Munisipaliteit aansoek gedoen word vir die gebruik van enige van die stortingsterreine binne die munisipale gebied;

A5 BESKERMINGSDIENSTE

- (a) dat die ontwikkelaar op sy/haar eie onkoste, veilige toegangsroetes na en van die betrokke ontwikkeling skep;

A6 ESKOM

- (a) dat indien die voorgestelde ontwikkeling veroorsaak dat enige Eskom dienste verskuif moet word sal die koste daaraan verbonde vir die rekening van die eienaar/ontwikkelaar wees;
- (b) dat die oprigting van enige struktuur binne 9m van 'n Eskom kraglyn verbode is;
- (c) dat die eienaar/ontwikkelaar verantwoordelik is vir die kragtoevoer na die berokke fasiliteite;

A7 DEPARTEMENT VAN VERVOER EN OPENBARE WERKE

- (a) dat die toegang vanaf hoofpad 174 van 'n permanente oppervlakte deur die ontwikkelaar in oorleg met die spesifikasies en standarde soos voorgeskryf deur die Departement van Vervoer en Openbare Werke voorsien word;
- (b) dat 'n opstapel afstand van minstens 30 meter by die ingang op plaas 814/5 voorsien word;
- (c) dat die ontwikkelaar 'n geskikte en gepaste skerm tussen Hoofpad 174 en die voorgestelde interne parallel reg-van-weg dienspad voorsien, ten einde voertuighoofligte wat in die oë van padgebruikers van Hoofpad 174 skyn, te versag;
- (d) dat die skerm buite die padreserwe van Hoofpad 174 geplaas word;
- (e) dat die voertuighoofligskerm wat deur die ontwikkelaar onderhou moet word, in die vorm van 'n soliede grensmuur of geskikte digte plantegroei kan wees en is onderworpe aan die goedkeuring van die Departement van Vervoer en Openbare Werke;
- (f) dat ten minste 70 op perseel parkeerplekke voorsien moet word;
- (g) dat geen besoekers aan die ontwikkeling in die padreserwe van Hoofpad 174 mag parkeer nie;
- (h) dat alle omheinings langs die padreserwe onderhou word deur die eienaar/ontwikkelaar tot die bevrediging van en in samewerking met die Departement van Vervoer en Openbare Werke;
- (i) dat die maksimum hoeveelheid besoekers op enige gegewe tyd nie meer as 180 mag wees nie;
- (j) dat die statutêre 5m boulyn langs Hoofpad 174 handhaaf word;
- (k) dat die ontwikkeling nie in gebruik geneem mag word voordat die Departement van Vervoer en Openbare Werke nie gesertifiseer het dat die toegang en die voertuighoofligskerm bevredigend afgehandel is nie;
- (l) dat in terme van artikel 9 van Wet 21 van 1940 die 95m boulyn beperking verslap word tot 63m tussen km 2.37 en km 12.75 op hoofpad 174, gemeet van die middel van die pad.

- B** Dat die aansoek om afwyking ingevolge artikel 15(1)(b) van Ordonnansie 15 van 1985 ten einde af te wyk van die voorgeskrewe 30m boulyn (noordelike grens) tot $\pm 10m$, goedgekeur word.

6.7 VOORGESTELDE ONDERVERDELING VAN PLAAS 772 EN KONSOLIDASIE MET PLAAS 770/2 (15/3/6-15/Erf_772, 770/02) (WYK 7)

Aansoek word gedoen vir die onderverdeling van plaas 772 presies soos voorgestel in 2005 wat insluit dat twee gedeeltes geskep word insluitend 'n restant (groot ±85ha) en gedeelte A (groot ±5500m²). Die geregistreerde eienaar is L L & M J Basson.

Hierdie aansoek was dus al op vorige geleentheid by die Raad. In 2005 was die aansoek ingedien soos voorgestel met hierdie aansoek, die aansoek was deur Afdeling Beplanning nie aanbeveel nie en was die aansoek gevolglik ook weens die volgende redes, afgekeur;

- die vraag onbeantwoord bly oor waarvoor Gedeelte A (groot 5000m²) aangewend sal word as 'n onafhanklike grondeenheid met moontlik ook 'n nuwe eienaar;
- die Raad van mening is dat Gedeelte A nie as 'n ekonomiese landbou-eenheid op sy eie kan funksioneer nie; en
- die toestaan van sulke plaaseenhede presedente vir die toekoms tot gevolg mag hê.

In 'n skrywe gedateer 13 Julie 2005 het die applikant versoek dat die Raad die aansoek sal heroorweeg en dien hulle toe ook op daardie stadium die goedkeuring van die Nasionale Departement van Landbou in en motiveer dat die aansoek nie sal lei tot die skepping van nuwe regte nie deurdat daar begin word met twee eenhede en dat daar dus deur die konsolidasie geëindig word met twee eenhede.

Die aansoek was gevolglik weer voor die raad en was dit op die vergadering gehou op 3 Augustus 2005 aanbeveel en goedgekeur hoofsaaklik weens die feit dat die aansoek ondersteun was deur die Nasionale Departement van Landbou.

Siende dat die betrokke gedeelte grond nooit geregistreer was nie het die onderverdeling in 2010 verval en is hierdie gevolglik 'n heraansoek.

AANBEVELING

(op voorstel van rdl AC Sedeman, gesekondeer deur rdl C H H Hunsinger)

- A Dat die aansoek om onderverdeling van plaas 772 ingevolge artikel 25(1) van Ordonnansie 15 van 1985 afgekeur word weens die volgende redes:
- (i) dat die voorgestelde gedeelte A (groot 5500m²) aangewend sal word as 'n onafhanklike grondeenheid met moontlik ook 'n nuwe eienaar;
 - (ii) dat gegewe die grootte van die nuutgeskepte gedeelte sal die voorgestelde onderverdeling sonder twyfel die gebruik van die grond beïnvloed, gevolglik sal die bestaande gebruik op gedeelte A teenstrydig wees met die bestaande sonering van die eiendom;
 - (iii) dat gedeelte A nie as 'n ekonomiese landbou-eenheid op sy eie kan funksioneer nie;
 - (iv) dat die bestaande ongemagtigde strukture wat op die nuutgeskepte gedeelte sal wees, nie aan die boulynbeperkings van landbousone I sal voldoen nie;
 - (v) dat die toestaan van sulke plaaseenhede presedente vir die toekoms tot gevolg mag hê
- B Dat die Afdeling: Boubeheer in kennis gestel word om die nodige stappe te volg om die bestaande onwettige strukture te laat wettig.

6.8 VOORGESTELDE KONSOLIDASIE, ONDERVERDELING EN VERGUNNINGS- GEBRUIK OP ERWE 543 EN 1288, RIEBEEK KASTEEL (15/3/6-11/Erf_543,1288; 15/3/10-11/Erf_543,1288) (WYK 12)

Die Raad het op 6 April 2005 die hersonering en vergunningsgebruik op gedeelte 5 van plaas no 661, Afdeling Malmesbury goedgekeur onderhewig aan sekere voorwaardes. Die goedkeuring het die eienaar in staat gestel om 'n bestaande stoor ($\pm 600\text{m}^2$) te hersoneer vanaf landbousone I na landbousone II ten einde 'n 100ton wynkelder te vestig. 'n Vergunningsgebruik is ook toegestaan vir 'n toeristefasiliteit wat 'n wynproe en verkope lokaal, asook 'n restaurant insluit.

Die eienaar het egter nie voortgegaan om die wynkelder te vestig nie, maar het die toeristefasiliteit bedryf in die vorm van 'n restaurant en wynwinkel wat wynproe en verkope insluit.

Weens die verandering in eiendomsbeskrywings staan die betrokke gedeelte grond vandag bekend as erwe 543 en 1288, Riebeek Kasteel en word die "Het Vlok Kasteel" fasiliteit op die perseel bedryf.

Siende die grondgebruiksregte soos toegestaan in 2005, rakende die hersonering van die plaas, nie gevestig het nie, word daar nou aansoek gedoen ten einde die korrekte grondgebruiksregte te verkry vir die bestaande toeristefasiliteit en plaasstalletjie, ten einde 'n restaurant, wynproe- en verkope lokaal en onthaal/konferensiefasiliteit te bedryf.

Die kadastrale grense van erwe 543 en 1288 is tans geleë oor bestaande geboue. Gevolglik word die erwe aangebied vir konsolidasie en onderverdeel ten einde 'n beter rangskikking van die erfgrense tot die bestaande geboue op die eiendom te verseker.

Erf 543 (groot 1,51ha) en erf 1288 (groot 2,8ha), Riebeek Kasteel word dus aangebied vir konsolidasie.

Aansoek word gedoen vir die onderverdeling van konsolideerde erwe 543 en 1288 (groot 4,31ha), geleë direk suid-wes van Riebeek Kasteel, in gedeelte I ($\pm 4756\text{m}^2$) en gedeelte II ($\pm 3,9\text{ha}$).

Aansoek word ook gedoen vir vergunningsgebruike op gedeelte II ($\pm 3,9\text{ha}$) vir 'n toeristefasiliteit ($\pm 992\text{m}^2$) en plaasstalletjie ($\pm 99\text{m}^2$), ten einde 'n restaurant, wynproe- en verkope en onthaal/konferensiefasiliteit in een gebou met 'n gebou platvorm van $\pm 957\text{m}^2$, te bedryf.

AANBEVELING

(op voorstel van rdl M van Zyl, gesekondeer deur rdl R F van der Westhuizen)

- A** Dat die aansoek vir die onderverdeling van konsolideerde erwe 543 en 1288 (groot 4,31ha), geleë direk suid-wes van Riebeek Kasteel, ingevolge Artikel 25(1) van Ordonnansie 15 van 1985, goedgekeur word onderhewig aan die volgende voorwaardes:
- a) dat die konsolideerde erwe 543 en 1288 (groot 4,31ha) onderverdeel word soos volg:
 - Gedeelte I ($\pm 4756\text{m}^2$), en
 - Gedeelte II ($\pm 3,9\text{ha}$),
 - b) dat die onderverdelingsgoedkeuring ingevolge artikel 27(1) van Ordonnansie 15 van 1985 vir 'n tydperk van 5 jaar geldig is;
 - c) dat hierdie munisipaliteit van goedgekeurde LG diagramme voorsien word en dat die nuutgeskepte gedeeltes in die aktekantoor registreer word;

- B** Dat die aansoek vir vergunningsgebruike op gedeelte II (groot ±3,9ha) ingevolge paragraaf 4.6 van die Artikel 8 soneringskema-regulasies van Ordonnansie 15 van 1985 vir 'n toeristefasiliteit en plaaswinkel, goedgekeur word onderhewig aan die volgende voorwaardes:

B1 STADSBEPLANNING EN BOUBEHEER

- a) dat die toeristefasiliteit (±992m²) en plaasstalletjie (±99m²), ten einde 'n restaurant, wynproe- en verkope en onthaal/konferensiefasiliteit in een gebou met 'n gebou platvorm van ±957m² te bedryf, beperk word;
- b) dat bouplanne aan die Direkteur: Ontwikkelingsdienste vir oorweging voorgelê word;
- c) dat die nodige aansoek vir die oprigting van advertensietekens aan die Direkteur: Ontwikkelingsdienste vir oorweging voorgelê word;
- d) dat aansoek vir 'n handelsslisensie by Swartland Munisipaliteit en 'n geskikheidsertifikaat by die Weskus Distrikmunisipaliteit gedoen word;

B2 VULLISVERWYDERING

- a) dat daar skriftelik by Swartland Munisipaliteit aansoek gedoen word indien daar gebruik gemaak wil word van enige van die stortingsterreine binne die munisipale area;

B3 ESKOM

- a) dat indien die voorgestelde hersonering veroorsaak dat enige Eskom dienste verskuif moet word sal die koste daaraan verbonde vir die rekening van die eienaar/ontwikkelaar wees;
- b) dat die oprigting van enige struktuur binne 9m van 'n Eskom kraglyen verbode is;
- c) dat die eienaar / ontwikkelaar verantwoordelik is vir die kragtoevoer na die perseel;

B4 DEPARTEMENT VAN VERVOER EN OPENBARE WERKE

- a) dat geen nuwe toegange geskep mag word of die uitleg of gebruik van die bestaande toegange verander word sonder die goedkeuring van die Departement van Vervoer en Openbare Werke nie;
- b) dat beide gedeeltes I en II die toegang na Hoofpad 227 moet deel;
- c) dat ingevolge artikel 17 van Ordonnansie 19 van 1976 (Paaie Ordonnansie), is die statutêre 5m boulyn van toepassing langs Hoofpad 227. Die 5m word vanaf die statutêre grens van die pad gemeet;
- d) dat een parkeerplek per 25m² bruto verhuurbare oppervlakte, 'n minimum van 44 formele parkeerplekke op die ontwikkeling se terrein, voorsien word.

(GET) M VAN ZYL
VOORSITTER: BESKERMINGSDIENSTE

(GET) W WILSKUT
VOORSITTER: ONTWIKKELINGSDIENSTE